Jaargang 4 #22 26 Julie 2015

09:30 Oggenddiens

Ds Fanie Coetzee

Tema: Keusegeloof

Sing: Ps 84-2:1,2,4,5 (Kinderbegeleiding)
Wetlesing: Romeine 12:1-2,13:8-14
Sing: Lied 308:1,2,3,4
Skriflesing: Hebreërs 11:23-30 **Teks:** Hebreërs 11:24-26
(Preekbegeleiding)
Sing: Sb 14-4:1,2,3,4
Sing: Sb 16-3:1,2,3
Amen: Sb 13-3

11:30 International Service

Rev Willem Steyn

Theme: Remember: you were dead, but now you've been brought to life
Scripture reading: Colossians 2:20-3:4 **Key verse:** Col 3:1-4

18:00 Aanddiens

Ds Willem Steyn

Tema: Besef: jy was dood, maar jy lewe NOU

Sing: Ps 105-2:1
Sing: Sb 1-2:1-3 Lied 169:1-3 Ps 48-1: 1, 4, 5
Sing: Ps 119-2: 18-19
Skriflesing: Kolossense 2:20-3:4 **Teks:** Kolossense 3:1
Ps 116-2: 2, 3, 4
Sing: Lied 188:1-3
Amen: Sb 13-1

Ouderlinge en Diaken aan diens	Ouderlinge: Daniël Maritz & Fritz Mountjoy	Diaken: Sonja van der Walt

FOKUSTYD 2015

Ek kniel voor ons God (Ef 3:14-21)

'n Gebed om groter bewustheid en belewing van ons identiteit in God

Vanaf Sondag 16 Augustus tot Sondag 20 September vind ons jaarlikse Fokustyd plaas.

Getrek deur die beweging in die GKSA wat as die Kerkgroeistrategie (Voorheen Omkeerstrategie) bekend staan is daar besluit om die jaar op persoonlike groei in ons verhouding met God te fokus. Voordat verandering nie by elkeen van ons plaasvind nie, sal daar ook nie verandering in die kerk plaasvind nie. Dit begin weer waar elkeen van ons voor die Here in gebed kniel.

Daarom gaan ons DV aan die hand van die gebed van Paulus in Efesiërs 3 op groter bewustheid en belewing van ons identiteit in God fokus.

Dink solank daaraan om by 'n kleingroep in te skakel of een te begin – al is dit net vir die vyf geleenthede. Skakel met die kerkkantoor of die predikante vir meer inligting.

Liefdegawes

by die deure

26 Julie
Oggend: Emeritaatsversorging
Aand: Meelewingsfonds
2 Augustus
Oggend:
Aand: Meelewingsfonds
9 Augustus
Oggend: Deputate Jeugsorg
Aand: Meelewingsfonds

Liefdegawes tydens die diens word vir die Liefdesdiens van die diakens gebruik.

Onthou asb om nie die urn, koppies, ens. te bêre na die Oggenddiens nie. Die lidmate van die Internasionale diens gebruik dit ook.

Meelewing

Ons is saam met **Rina de Beer** en **Gert** (018-297-6586) dankbaar dat haar operasie goed afgeloop het en bid nou vir herstel.

Oom **Pierrie Venter** (082-378-5524) is oorgeplaas na Pretoria om daar behandeling vir sy hart te ondergaan. Dit gaan beter met hom.

Borg~'n~Bybel

Ons het elke jaar 'n Borg-'n-Bybel projek wat in die derde kwartaal plaasvind. Ons het laas jaar R24 229 ingesamel – amper 485 Bybels. Ons mik hierdie jaar vir 500!

'n Bybel kos R50, maar enige donasies is welkom – koeverte is by die deure beskikbaar. Hierdie donasies vervang die gewone Bybelverspreiding-kollektes wat gewoonlik gehou word.

Vanoggend gaan die kinders spaarboksies ontvang en hulle gaan ons op hierdie manier help om by ons doelwit uit te kom.

Gemeente-ete 16 Augustus

Om die Fokustyd behoorlik af te skop gaan ons as gemeente Sondag 16 Augustus lekker saam eet en kuier! Skyf asb jou naam op die lys in die portaal indien jy die ete gaan bywoon. Bring asb u eie eetgerei en drinkgoed.

ingang / uitgang

Onthou asseblief dat die parkeerarea 'n spesifieke ingang en uitgang het. Ons kan maklik ongelukke voorkom deur hierdie padreëls na te kom. Bordjies en pyle is op die ryvlak aangebring om die rigting aan te dui.



Koos Hagg op besoek

Koos Hagg, wat as Engelse onderwyser in Vietnam werk is DV vanaf Woensdag vir bietjie meer as 'n week in Potchefstroom. Ons sal hom volgende Sondag geleentheid gee om te vertel van wat in die huisgemeente daar gebeur.

Verjaarsdae

Vandag, 26 Julie

Martha Dibetso	074-866-8864
Pieter Mulder	082-550-7795
Jacoba van Rooy	083-507-8567
Hennie Wallace	081-867-2711
Bert Werkman	083-251-5038

Dinsdag, 28 Julie

Daan Erasmus (88)	082-450-9077
Wilbert Viljoen (17)	072-473-0472
Marko Vorster (10)	082-565-9873
Marthyna Williams	082-444-1795

Woensdag, 29 Julie

Dané Coetzee	082-260-5974
Elsuné Els (4)	082-069-8662
Carlo Granzier	083-501-2005
Mariette Hammann	081-041-4471

Resepteboek

Deel met ons jou trefferresep!

Ons het al heelwat heerlike resepte ontvang, maar omdat hierdie 'n projek VIR die gemeente DEUR die gemeente is, sal dit goed wees as diegene wat nog nie 'n bydrae gemaak het nie daardie familiegunsteling saam met 'n agtergrondstorie neerpen en vir ons aanstuur.

Hoewel einde Junie as spertyd gestel is, sal ons geen resep afwys wat tot einde Augustus ingedien word nie. Maak jy die beste bobotie, groentesop of sjokoladekoek in die buurt? Deel dit met ons! Is jy 'n student wat met 'n klein begroting die heerlikste geregte opdis wat jou vriende se monde laat water? Deel dit met ons! Het jy 'n geheime dis wat selfs jou driejarige vir 'n tweede porsie laat vra? Deel dit met ons! Op hierdie manier leer ons dalk meer van ons medelidmate en kuier ons op 'n gereelde basis in mekaar se huise via 'n heerlike gereg.

E-pos dit na mercia.venter72@gmail.com of eunicestoltz@gmail.com of gee vir ons 'n kopie by die kerk. Jy is ook welkom om dit by die kerkkantoor af te gee. Vir meer inligting of om die resep en storie sommer mondelings met ons te deel, kontak Mercia Venter: 083-468-2075 of Eunice Stoltz: 083-595-8981. Enige resep is welkom!

Teeskinkbeurte

<u>26 Julie</u>
KG 19 (Olivia Conradie - 0741996498)
Wyk 24 (Cornelia Wessels - 0824690066)

<u>2 Augustus</u>
KG 20 (Wiida Bisschoff - 0827765295)
KG 21 (Gareth van Dyk - 0834080082)
Wyk 25 (Drienie Reinecke - 0724281274)

<u>9 Augustus</u>
Wyk 26 (Maritha de Jager - 0824649800)
Wyk 27 (Marina Grobler - 0832337756)

Baie dankie!

Baie dankie Susters!

Baie dankie vir al die Sustersbydraes wat ons uit die gemeente ontvang het! Meer as R6000 is met die koevertjies ge-in en daarmee kan ons 'n pragtige geleentheid reël vir die sustersafsluiting van al die Potch-gemeentes in Oktober. Verder reël ons ook weer 'n gemeente-ete vir Nagmaalsondag, 16 Augustus en sorg vir verversings by be-grafnisse, ensovoorts. Dankie vir elkeen se bydrae, waarmee ons ons dienswerk kan doen.

Bediening aan gevangenes

Baie dankie vir almal se geduld. Die proses om toegang tot die gevangenes te ontvang is amper voltooi. Bid asb saam dat daar nie nou nog vertragings sal wees nie. Ons hoop om binnekort met hierdie bediening te kan begin.

"The Traditions We Inherit"

Kledingstukke om die verhale te ver-tel van merkwaardige Suid-Afrikaanse vrouens word uitgestal ter viering van Nasionale Vrouedag. Die doel van die werke is om die stories te vertel van hierdie vrouens van die verlede wat bygedra het tot 'n ryk herkoms, 'n herkoms wat ons as Suid-Afrikaners nie altyd besef ons het nie.

Die uitstalling vind plaas in die NWU Botaniese Tuin Galery. Die uitstalling vind 6 Augustus om 17:30 plaas. As deel van die samestelling en maak van hierdie rokke is daar hulp van die dames van die Seboni projek en kinders van die Mosaic projek gebruik gemaak - om lede van die gemeenskap aktief te betrek en op dieselfde tyd te kan vaardighede oordra.

Olivia Conradie

Openbare lesing deur prof Daniël Louw van Stellenbosch

"Hoe sorg mens vir iemand se 'siel'? Spirituele terapie/heling in die pastorale bediening."

Wat word bedoel met spirituele heling in pastorale terapie? Studente in pastorale berading asook proponente is dikwels verward as hulle uiteindelik in die praktyk of in die bediening kom – hulle wil nie net tekste lees nie maar val dan weens onkunde of onvoldoende praktiese opleiding terug op psigoterapie met 'n Christelike sousie daaroor.

Teen die agtergrond van hierdie problematiek praat Prof Daniël Louw op Dinsdagaand 28 Julie in Potchefstroom oor die bovermelde tema. Prof Louw is tans een van die top Praktiese teoloë in ons land. Hy het wyd gepubliseer en ook reeds op internasionale gebied homself op besondere wyses onderskei. Hy was Dekaan van die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van Stellenbosch tot en met sy aftrede en is tans 'n Buitengewone Professor aan die Noordwes-Universiteit.

Datum: Dinsdag, 28 Julie. 19.00 – 21.00
Plek: Die Geref Kerk, Die Bult.
Toegangsfooi: R50 (betaalbaar by deure)
Ligte verversings sal aangebied word.
Bevestig asb bywoning:
Prof Wentzel Coetzer –
wentzel7@mweb.co.za - Sel: 0836600409
Dr Rudy Denton –
rudy.denton@nwu.ac.za - Sel: 0824599710

☐ Ek wil graag 'n lidmaat word
☐ Ek wil graag huisbesoek hê

Naam: .....
Telefoonnommer: .....

Gooi in kollektesakkie / Gee in by kerkkantoor

Nuwe OnderOnsie

Die OnderOnsie (ons gemeente se boekie met almal se kontakbesonderhede in) gaan in Augustus gedruk word.
Het jy dalk in die afgelope jaar getrek? Of het jou selfoonnommer of e-posadres verander?
Stuur jou adres, selfoonnommer en e-posadres vir Fransa by gkbult@gmail.com of SMS / WhatsApp na 076-391-7578.

'n Venterskroon besoek is 'n belewenis

Die afgelope Sondag kon ek en Marie 'n Nederlandse gesin na die kerkplek by Venterskroon neem. Dit was nie net vir hulle 'n wonderlike ervaring om 'n kragtige gereformeerde preek van prof Rantoa Letsosa te hoor nie, maar ook te beleef dat hulle alles kan verstaan want hy het gemaklik van Sotho/Tswana na Afrikaans en Engels oorgeskakel. Die gasvryheid van die lidmate en hulle vreugde om die Here te dien was aansteeklik. Die gebou wat hulle as kerkplek gebruik is baie mooi reggemaak. Omdat hulle diens om 11 uur begin, kan lidmate wat dalk een of ander tyd gaan meedoen aan hulle erediens nog eers aan ons diens deelneem en dan vertrek. Dit geld vir elkeen wat wil ervaar hoe die Here oor kultuurgrense sy genade uitstort.
Dankie vir Marie, Poen Coetzee en Koos Schoeman wat 'n netjiese bord opgerig het om die kerktye ens. bekend te maak, langs die pad na Schoemansdrift. Binnekort gaan ons die lidmate wat bouvaardighede het vra om met nog 'n aanpassing aan die kombuis/bymekaarkomplek te help.
Ben de Klerk

Daar is reeds oor die 300 "likes" vir die Venterskroon Facebookblad. Like nog asb.

advertensies

In die hartjie van Mooivallei
1 Slaapkamer wooneenheid met stoep en badkamer. Onderdakparkering. Nuwe pad, 1.4 km van Patria-hek. Jong getroudes, Nagraadse of werkende studente. Afgetreede, pensioenaris.
'n Tweeslaapkamer kothuis is ook beskikbaar: oopplan met kombuis.
Nuwe pad maak dit baie toeganklik.
Christa Truter: 079-026-1049

Weet jy van iemand wat kosnood het?
Ons gemeente het 'n kosbank waaruit ons mense kan help – veral in 'n noodgeval. Indien jy skenkings wil maak, sal enige nie-bederfbare items (bv. blikkies kos, soja-vleis, pasta, rys, olie, ens.) baie waardeer word. Skakel gerus met die kerkkantoor vir meer inligting.

www.facebook.com
../gkpotchbult
../gkpotchbultG5
../VenterskroonBediening
../GKBultProjekte
../BultInternationalChurch

Ons is op soek na verblyf vir ons seun, 18 jaar oud en eerstejaar in 2016. Ons is van George. Enkelkamer in studentehuis of klein woonstel. Kontak my, Carina Barnard asb by tel nr. 0823717986 of 0448700503. E mail adres: gert.carina@gmail.com.

Woonstel te huur. Ruim en gerieflik (een slaapkamer + leefarea). Sentraal naby Girl's High. Lekker veilige en stil buurt. Besetting 1 Augustus. Veilige afdakparkering. Verkieslik senior student of jong werkende. Kom kyk graag. Kontak Manna Stander by 072 574 5356 of mannastander@gmail.com

---

'n Teologiese student van Tanzanië is op soek na 'n tydelike werk (nie handearbeid nie). Hy kan vlot Engels praat. Hy is beskikbaar van 8:00 – 15:00 in die week. Kontak die kerkkantoor as jy kan help.

Het jy dalk 'n tafel en stoel vir 'n behoeftige student? Laat weet asb vir Jaap Verhoef 0182946502

Kerkkantoor 018-297-4843 (tel)
086-750-5339 (faks)
e-pos: gkbult@gmail.com
webblad: www.gkpotchbult.co.za

Ds Fanie Coetzee: 082-520-5168
fanie1coetzee@gmail.com
Ds Willem Steyn: 082-854-3587
steyn.willem@gmail.com

Skriba: Jaap Verhoef: 018-294-6502
Orrelistes: Jetty van Rensburg: 083-439-7379
Annatjie Verhoef: 072-391-2552
Koster (Molen): Piet van Maarleveld: 084-776-6113
Koster (Gerrit Dekker): Wilma Herbst: 082-965-7525
Internasionale diens: Ray Everson: 018-290-6782
Katkisasie: Braam Pieterse: 082-923-4881
Kinderbegeleiding: Marida van Eeden: 060-977-1124
Preekbegeleiding: Henriëtte vd Zwan: 082-859-2229
Dataprojeksie: Adelle Lotter: 083-286-3811
Klank: Stefan Linde: 072-811-1665
Tolkdienste: Kerkkantoor: 018-297-4843
Preekopnames: Kerkkantoor: 018-297-4843

Diakonie: Elsa Els: 082-460-0939
Omgee-groep Seniors: Ans Geertsema: 073-192-8976
Sopkombuis: Elsa Els: 082-460-0939
Kosbank: Kerkkantoor: 018-297-4843
Susters: Judie Coetzee: 082-619-4620
Onthaalkomitee: Retha van Wyk: 083-967-1511
G5 Bediening: Ds Willem Steyn: 082-854-3587
Musiekbediening: Hanlie Steyn: 083 654 8652
Bedieningskommissie: Jan Geertsema: 083-271-6570
Eiendomskommissie: Faan van Wyk: 082-551-7782
Liturgiese Werkgroep: Lou van Wyk: 084-520-1086
Finansiële kommissie: Carools Reinecke: 082-568-5652
Kassier: Paul Delicado: 082-574-2204

Skakel gerus met Fransa by die kerkkantoor (Weeksdae van 08:00 - 13:00) vir:
Algemene navrae, Lantern (saktyd Donderdae om 10:00), Preekopnames, Webbladnavrae, ens.

Bankbesonderhede
Gereformeerde Kerk Potchefstroom Die Bult
ABSA Tomstraattak 670-264-661 (Tjekrekening)
Verwysing: Van, voorletters, Wyk / KG